Pinkster 2010

# BESEF JOU AFHANKLIKHEID – EN GLIMLAG!

Matt 5:1-12; Joh 15:1-8

**WIE IS DIE "GESEëNDES"?**
**Ons begeer** God se seën vir onsself, nie waar nie? Ons is ook lief om ander vir wie ons omgee God se seën **toe te bid**: *"Laat Heer u seën op hul daal ..'; Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar…"*
**Wat verstaan ons dan onder "seën"?** Rykdom? Voorspoed? Gesondheid? Kinders by dosyne!?
**Die opskrif** bokant gelese gedeelte: *"Die geseëndes."* Ons hoor daar vir wie **Jesus** as die geseëndes beskou. Ek moet sê dis nogal **verrassend**, om die minste daarvan te sê – selfs ontnugterend. Dit gee nietemin 'n **verklaring** vir sommige mense se glimlagte en ander se suur gesigte wanneer jy dit nooit sou verwag het nie …
Maar dis baie duidelik dat daar **groot verskille** bestaan tussen die *algemene opvatting* oor gelukkig/ geseënd wees en *God s'n*. Jy wat vandag hier met of sonder 'n glimlag sit, is dalk baie meer/ minder geseënd as wat jy op hierdie oomblik besef. Hopelik sit ons teen die einde van vanjaar se Pinkster almal met breë glimlagte en wat meer is, plaas ons almal 'n breë glimag op God se gesig!
Wat ons in hierdie verse kry wat ons vanjaar in ons Pinksterreeks gaan behandel, is 'n **karakterskets van 'n Christen**. Dit is nie soseer dinge wat ons moet *doen* nie, maar hoedat ons moet *wees*. Dis 'n *beskrywing* van die Here Jesus en van 'n lewe wanneer ons Hom navolg.
Kom ons **begin** by die *eerste* van die reeks uitsprake:

*"Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."*

**GESEëND NIE DIESELFDE AS OM ONAFHANKLIK TE WEES**

Ons idee van geluk het baie te doen met **selfstandigheid** – hoekom anders wil ons so graag "groot" wees, mondig wees, ons "eie potjie krap", ons *eie baas* wees? Is dit nie juis een van die vernaamste redes waarom ons **opsien** daarteen om oud te word nie? (uitsien en opsien!) *Bejaardheid* spel vir ons toenemende afhanklikheid van ander.
**Jesus sê die teenoorgestelde:** Geluk en seën het alles te make nie met ON-afhanklikheid nie, maar met AF-hanklikheid. Onafhanklikheid en selfstandigheid is *nie sleg as sodanig* nie, maar dit kan **te ver** gevoer word. Dit gebeur veral as jy begin dink en optree asof jy onafhanklik *van God* is, sonder Hom kan klaarkom (Ryk dwaas weier om sy afhanklikheid van God te aanvaar – Luk 12).

**HOE AFHANKLIK IS ONS VAN GOD?**
As ek julle sou vra: Weet jy ***dat jy*** van God afhanklik is? sal die meeste/ almal ja antwoord. Wie ken nie daardie gevoel van afhanklikheid wanneer ons *eksamen* moes skryf nie; of voor 'n *operasie*; of voor 'n belangrike *werkonderhoud*; of soos toe ons vir *mooi weer* vir die Teddiebeerfees gebid het nie?
**Maar hier staan nie**: Geseënd is die wat weet DAT hulle afhanklik is van God nie, maar **HOE** afhanklik hulle is van God.
Besef ons HOE afhanklik ons van God is?

Dalk WIL ons dit nie weet nie. Ons is bang ons **selfbeeld** sal daaronder ly.
**Jesus sê die teenoorgestelde**: Dit sal van ons gelukkiger, geseënde mense maak.
Ek noem 'n paar bekende voorbeelde uit die Bybel:

## VOORBEELDE

- Dit begin waar die slang die mens in **die paradys** verlei het. Deur van die verbode vrug te eet, sou hulle volgens hom "soos God" wees. Hulle sou dus nie meer van Hom afhanklik wees nie – en die mens val vir die versoeking – en besef daarna beter as ooit hoe afhanklik hy en sy van God is!
- **Simson** raak te selfversekerd en volg sy eie kop en die volgende oomblik is hy kragteloos, want God het Hom aan hom onttrek.
- Ons lees van **koning Ussia** wat baie goed begin het. Dan staan daar: *"Maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde. Hy het aanmatigend teenoor die Here sy God opgetree…"* (2 Kron 26:16)
- Daniël wys koning **Belsasar** daarop dat hy geweeg en te lig bevind is omdat *"u nie die God <u>ge-eer</u> het van wie u die <u>lewensasem</u> ontvang en wat oor u <u>lewe beskik</u> nie,"* (5:26).

- Hierteenoor is daar die voorbeeld van 'n **Dawid,** wat juis deurdat hy sy afhanklikheid van God besef het, vir Goliat kans gesien het.
- Jesus het **'n treffende beeld** gebruik om ons afhanklikheid van God te illustreer – die beeld van die loot en die wingerdstok: (*<u>lees Joh 15:4-5</u>*)

## IMPLIKASIE VIR ONS REDDING

Geliefdes, ons afhanklikheid van God het eerstens te doen met **hoedat 'n mens gered word**. Die Woord van God verkondig elke mens is 'n sondaar wat hom/haarself nie kan red nie. 'n Mens **kan niks bydra** tot jou redding nie. Geen **ander godsdiens** stel dit *so radikaal* nie. Die ander godsdienste laat mense darem so 'n bietjie *beter voel* deur te verkondig dat jy darem ook iets kan doen om jou redding te verdien. Jy is darem nie so bankrot en hopeloos dat jy nie ook 'n stuiwer in die beurs kan gooi nie. Christene sukkel ook nog baie keer hiermee. Hulle wil nie graag weet dat wanneer dit by 'n mens se redding kom, beteken jou *afkoms of status* of *goeie werke of Bybelkennis of prestasies* NIKS nie. ALLES is **genade.** (Lied: Genade onbeskryflik groot) ALLES kom van God af. Selfs die **geloof** waarmee ek God se redding ontvang, is my van God geskenk. My **weergeboorte** is ewemin aan my te danke as my eerste geboorte. *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n <u>gawe van God</u>. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is…"* (Ef 2:8-10).
**Gelukkig dat God se genade <u>genoeg</u> is vir <u>enigeen</u>.** Christus se offer was **voldoende** – ons kan EN hoef daar niks by te voeg nie.
**Ons is inderdaad Geseënd wanneer ons dit besef** – dat ons 'n **Vader** het wat ons so liefhet ten spyte van ons bankrotskap; dat die **Heilige Gees** ons opnuut laat gebore word sonder ons toedoen en dat **Jesus** die volle losprys betaal het! Dit behoort elke dag 'n **glimlag** op ons gesig te sit!

## IMPLIKASIE VIR GROEI EN VRUGDRA

Soos wat die **beeld** van die loot en die wynstok ook wil sê, is dit nie waar ons afhanklikheid van God **eindig** nie. Sonder 'n **lewende verhouding** met God kan ons

ook nie aan ons **doel beantwoord** nie; kan ons nie geestelik **groei** en **vrugte dra** wat by die bekering pas nie.
In **Joh 6** word vertel hoedat baie van Jesus se dissipels Hom verlaat het omdat sy eise te hoog na hulle sin was. Toe Hy die wat agtergebly het, vra of hulle nie ook wil weggaan nie, was Petrus se antwoord: *"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee."* (6:68)
Die Heilige Gees het by ons kom WOON. Ons **kan en hoef nie** sonder Hom te lewe nie. Soos die Psalmis getuig: *"Deur U lig lewe ons."… "Wat ek ontvang, kom alles van U af."* (16:5)

**IMPLIKASIE VIR ONS KARAKTER EN GEDRAG**
Gemeente, die diepe besef van ons afhanklikheid van God, kan nie anders as om **ons karakter en gedrag** te beinvloed nie. Dit sal byvoorbeeld van ons

- **Nederige mense** maak; mense wat aan *God die eer* gee.
- **Dankbare mense**… genade beteken *onverdiend*. As alles dan genade is, hoe kan jy anders as om vir God en ander dankbaar te wees?
- **Gehoorsame mense** … juis uit dankbaarheid. (Lied 200 *"sou ek u goedheid nie verstaan? Sou u my raad gee, ek nie leer nie, die weg wat u my wys nie gaan?"*
- **Mededeelsame mense** maak … <u>God seën ons om tot 'n seën te wees vir ander (Gen 12:2)</u>
- **Geruste mense** … mense met *moed en kalmte* – weet ons tye is in God se hande. Ons hoef nie alles te probeer *beheer en kontroleer* nie. Elke teleurstelling en stukkie slegte nuus hoef ons nie *op hol te jaag* nie.God is mos in beheer!

**Broer en suster, ons kom agter waarom Jesus ons <u>geseënd</u> noem wanneer ons weet hoe afhanklik ons van God is!** Dit maak van ons mense wat met 'n **opregte glimlag** deur die lewe kan gaan en wat **ander ook** kan laat glimlag!

**HOE KOM 'N MENS TOT SO 'N WETE?**
Dit is so dat 'n mens **nie so maklik** tot so 'n besef van jou afhanklikheid van God kom nie. Uit eie ondervinding en die voorbeelde uit die Skrif, is dit duidelik dat jy dit ook maklik weer **kan vergeet** as jy nie oppas nie. Dit kan wees waarom God soms **skokke en krisisse** in ons lewens toelaat om ons net weer te herinner. Daar is die **wondere** wat die wetenskap vir ons in die natuur ontsluit. Gereelde omgang met God se **Woord** help baie. Getroue **gebed** is ook belangrik. Hoewel daar gereeld vrae gestel word oor **die waarde** van gebed, kan niemand ontken dat dit 'n belangrike uitdrukking van ons dankbaarheid en afhanklikheid is en as as sodanig al klaar van groot waarde is nie. (Ons Vader – *daaglikse* brood). Selfs net die doen van 'n **tafelgebed** by etes is 'n herinnering aan ons afhanklikheid.

**SLOT**
Om dan **saam te vat**: 'n Geseënde lewe **begin** die dag as 'n mens besef dat jy nie sonder God *kan* lewe nie, dat jy Hom *nodiger het* as enigiemand of enigiets anders. Wanneer jy besef dis ook **nie nodig** om sonder God *te probeer* lewe nie, want Hy is 'n **liefdevolle Vader** wat sy **Seun as offer** vir ons sonde gegee het en **deur die Heilige Gees 24 / 7** by ons teenwoordig is!
**Besef jou afhanklikheid – en glimlag, en jy sal ander en bo almal vir God laat glimlag**! Amen